Hartleyweg Laerskool

Leesbegrip-Comprehension

Graad vier

Les Twee- 5 Oktober -09 Oktober 2020

Lees hierdie toneelstuk en beantwoord die vrae wat volg:

Die mier en die duif

Verteller: *Hierdie toneelstuk is oor 'n mier en 'n duif en die storie vind plaas in die bos.*

Toneel 1: By die stroom in die bos.

Mier: Dit is snikwarm. Hier by die stroom is dit so koel. Ek dink ek sal gaan swem.

Verteller: *Die mier duik in die troebel water. Maar skielik begin die water sterk vloei.*

Mier: Help! Help! Red my! Ek gaan verdrink.

Verteller: 'n Sneeuwit duif vlieg verby.

Duif: Wat gebeur mier?

Mier: Ek gaan verdrink! Die water is te sterk vir my!

Duif: Moenie jou bekommer nie. Ek sal jou help!

Verteller: Duif laat 'n blaar in die water val. Mier klim daarop en seil na die wal van die stroom toe.

Toneel 2: Diep in die bos.

Verteller: *'n Week later sien mier duif in 'n boom sit. Voordat hy hallo kan sê, sien hy 'n man met 'n geweer. Die man wil die duif skiet.*

Mier: Jou wrede man. Jy wil die arme duif skiet!

Verteller: *Mier byt hom hard op sy groottoon.*

Man: Eina! Eina!

Verteller: *So het die man die geweer laat val.*

Duif: Dankie, my vriend. Jy het my lewe gered.

Mier: Jy was ook 'n vriend in nood. Jy het my gehelp toe ek amper verdrink het.

1. Wat is die titel van die storie?

2. Wat noem ons die persoon wat ons die inligting oor die storie gee?

3. Waar speel die eerste toneelstuk af?

4. Hoekom was mier by die stroom?

5. Wat het met die mier gebeur?

6. Wie het die mier se lewe gered?

7. Waar speel die tweede toneelstuk af?

8. Waar het die duif in toneel 2 gesit?

9. Wie het die duif se lewe gered?

10. Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Haal (quote) sinne uit die teks om jou antwoorde te motiveer:

10.1 Dit water in die stroom het baie kalm gevloei.

10.2 Duif laat 'n blom in die water val.

10.3 Mier het die man op sy toon gebyt.

_____

_____

10.4 Die duif was dankbaar dat die mier sy lewe gered het.

_____

_____

11.Watter les leer ons uit hierdie storie:

Onderstreep die korrek antwoord

a) Ware (True) vriende sal altyd daar wees om u te help.
b) Ons moet net vriende maak as ons hulp nodig het.
c) Ons moet ons vriend ignoreer as hulle hulp nodig het.